90 JAAR SSK

Junie / June 2021

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Psalm 42:9: "Ek sal selfs in die nag 'n lied vir Hom sing, 'n gebed tot die God van my lewe."



## *"Hoe koud is die windjie en skraal"*

*~ Winternag, Eugene Marais*

Foto: Bertus Hanekom

# SSK GEE OM

Boere van Rietbron, Baviaanskloof, Traka, Winterhoek, Fullerton en Willowmore het einde Maart voergars skenkings van SSK ontvang. Ons vertrou saam met hulle dat 2021 'n goeie reënjaar sal wees.





V.l.n.r: Scholtz Joubert, Wimpie Schoeman, Fanus Schoeman, Christo Carstens (Veldbemarker) en Annelie van Wyk (Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie).






3 Boereverenigings in Swellendam nl. Ruggens, Buffeljagsrivier en Dipka het laat in 2020 'n versoek om droogtehulp van boere in die Fraserburg ontvang. Dié boere ly nou vir 'n aantal agtereenopvolgende jare onder erge droogte. Op 13 Maart vertrek die Swellendammers met 'n groot hoeveelheid voer wat in oorvloed geskenk is vir hul mede-boere in nood. Vrouens uit die SSK-streek het op kort kennisgewing besluit om skoendose met iets spesiaal aan vrouens op die Fraserburg plase saam te stuur. Dit is heel gepas dat 90 spesiale skoendose vol liefde in SSK se 90ste bestaansjaar ingesamel is. Die Fraserburgers het intussen reën gekry, maar die droogte is nog geensins gebreek nie . Ons gebede bly by hulle.

*- Annelie van Wyk*



Cobus en Juan Dunn van Swellendam in hul SSK oorpakke.



Andries van Rhyn van Karringmelksrivier.

## REËNVAL IN STREKE


| STREEK | FEB 2021 | MAART 2021 | APRIL 2021 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 24 | 20 | 4 |
| Albertinia | 4 | 35 | 11 |
| Ashton | 7 | 34 | 7 |
| Avontuur | 16 | 39 | 24 |
| George | 38 | 61 | 52 |
| Heidelberg | 11 | 48 | 28 |
| Herold | 24 | 29 | 6 |
| Joubertina | 26 | 32 | 11 |
| Karringmelks | 8 | 27 | 27 |
| Knysna | 44 | 80 | 50 |
| Misgund | 24 | 40 | 17 |
| Mosselbaai | 9 | 72 | 28 |
| Protem | 5 | 14 | 12 |
| Plettenbergbaai | 20 | 66 | 22 |
| Riversdal | 9 | 34 | 25 |
| Swellendam | 7 | 69 | 25 |
| Uniondale | 0 | 45 | 8 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

90 JAAR SSK

# BOETIE TERBLANCHE: RIETRIVIER, BAVIAANS





Henriëtte en Boetie Terblanche.

## *DIE GESKIEDENIS VAN HOE BOKKEDAAT, MAKKEDAAT GEWORD HET*

Op 14 April 2021 neem ek die afdraai op die N9 by Vaalwater op pad Baviaanskloof toe. Die voertuig se temperatuur meter wys 27 grade en dis nog skaars 10:00. Met my terugkeer dieselfde middag styg die temperatuur tot 35 grade. Dis harde wêreld dié. Die veld is vaalgrys en sidder in die droogte wat nou al jare duur. Ek ry by naambordjies verby soos Vaaldraai, Moerasrivier, Elandspoort, Kwaggaskloof, Kliphuiskloof, Verberg, Duiwekloof en Speekhout en wonder oor die mense wat daar bly.

Die Makkedaatgrotte - die breinkinders van Boetie en Henriëtte Terblanche - het al sinoniem met die Baviaans geword. Ek kuier by hulle op hul plaas, Rietrivier, nie ver van die Nuwekloofpas af nie. Ek sal die spesifieke kuier nooit vergeet nie, want na meer as 3 ure groet ons soos familie. Ek lag uit my maag uit vir Boetie se storie oor die keer toe die Mosselbaai rugbyklub in die laat vyftigs die Willowmore span laat ooreet het aan 'n oordaad viskos en wat daardie aand in die hotel badkamer, wat in die gang was, gebeur het. Die rugbyspelers uit die Baviaans het nie in daardie tyd nodig gehad om te oefen nie. Hulle het gereeld met pale en draad bergop geloop, agtermiddae bergaf gedraf om te gaan melk en Saterdae die 50km per fiets Willowmore toe gery om te gaan "voetbal" speel. (As julle dié stories en meer wil hoor moet julle maar self 'n draai by Rietrivier gaan maak, want net Boetie kan reg laat geskied).

> ***"Boetie is reeds die sesde geslag wat boer in die Baviaans"***

Boetie is reeds die sesde geslag wat boer in die Baviaans en is van LBK se dae af lid van SSK. Sy oer-oupagrootjie, Ignatius Ferreira, het in die 1800's 'n koring meul, resiesperde en selfs 'n wingerd en wynkelder besit. Hy het 14 kinders by 3 vrouens gehad en het al 3 oorleef. Boetie is gou om te beklemtoon dat Ignatius darem nie al 3 vrouens gelyk gehad het nie. Boetie boer met Dormers, Nguni koeie, een rooi Angus bul en besproei lusern met spilpunte. Hulle veepos is by Rooiblom naby Willowmore waar hulle seun Daniël boer. Hulle twee dogters woon ook naby in onderskeidelik Rietbron en Molenrivier. Daar is 'n standhoudende fontein op die plaas wat selfs tydens groot droogtes nie opdroog nie.

In 1990 het die Departement van Natuurbewaring 'n beroep op boere in die Kloof gedoen om akkommodasie vir toeriste op hulle plase beskikbaar te stel en so het die Makkedaatgrotte-idee vorm aangeneem. Henriëtte vertel dat sy hardop gewonder het of die groot gate in die berge dan nie in slaapplek omskep kan word nie en net daar het sy die argitek in Boetie wakker gemaak. Hy vertel hoe hy soggens tussen 3-uur en 6-uur wakker gelê en planne beraam het hoe om die grotte te omskep in blyplek. Die naam "Makkedaatgrotte" het 'n interessante geskiedenis. Met Boetie se pa, Daniël Johannes, se geboorte is daar vir sy ouer boetie vertel dat sy ouers 'n bobbejaantjie in die berge gaan vang wat dan die nuwe babatjie gaan wees. Die boetie kon nie die woord "bobbejaan" uitspreek nie en het die nuwe baba "Bokkedaat" genoem. Dié bynaam het tot met sy dood bly kleef en almal het hom as Bokkedaat geken. Hy en sy vrou Martha het nog geleef toe die grotte bekendgestel is en hulle name saam vorm die woord "Makkedaat". Vandag is daar 6 grotte met name soos Van Terrebert, Aalwynbak, Dawid se bak, Dassiebak, Swaeltjienek en natuurlik Makkedaat. "Martiens se Huis" is die sewende blyplek op die plaas.

> ***"Die Terblanche'e is innoverende mense"***

Die Terblanche'e is innoverende mense. Hulle het mekaar as onderwysstudente by die Onderwys Kollege op Oudtshoorn ontmoet en werk uitstekend as 'n kreatiewe span saam. Hulle doen alles in hulle vermoë om al die interessanthede van die Kloof aan toeriste te wys. So het Henriëtte 'n mistafel saamgestel met voorbeelde van mis, voetspore en foto's van diere (selfs tiere, alias luiperds) wat daar voorkom. Hulle vertel van die verskillende rotsformasies wat toeriste met fyn waarnemingsvermoë kan uitken. Daar is onder andere 'n uil, krokkodil, renostertjie, olifant, sleutelgat en die 7 dwergies te sien in die berge rondom die plaas. As jy lui is om self te soek word die GPS koördinate voorsien, anders is dit 'n lekker skattejag per voertuig of 20km te voet. Mense kom van heinde en verre na Rietrivier om te stap, bergfiets te ry of sommer net na die sterre te kom kyk.

Boetie en Henriëtte woon in 'n Wêreld Erfenisgebied en het op eie houtjie gesorg dat húlle erfenis van geslag tot geslag vir die nageslag bewaar word.

Mag jou kinders se kinders eendag in die Makkedaatgrotte oornag!

www.makkedaat.co.za / 044 9231921

*- Annelie van Wyk*

90 JAAR SSK

# ARMANDT HORNE

## Senior Bestuurder: Meganisasie

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

As produk van Laerskool Volschenk op Riversdal het ek my hoërskool loopbaan op Oudtshoorn voltooi en 'n naskoolse bemarkings kwalifikasie aan die destydse PE Technikon verwerf.

Ek is gedurende 2003 met my skoolliefde getroud. Elizma is 'n kleuterskool onderwyseres en leef haar droom uit om kleuters speel–speel te onderrig. Ons is geseënd met 2 besige seuns, Jaco (13) en Armandt jnr (8).

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?


Ons geniet die buitelewe en put ons energie uit mekaar en vriende se geselskap. Die afgelope paar jaar het ons goeie herinneringe gemaak deur die Oos-Kaapse wandelroetes en kuslyn te verken. Ons kamp ook graag om maksimum tyd met mekaar te spandeer oor naweke en vakansies. As gesin is ons gemene deler die beoefening van sport. Ek geniet dit om die Swellendam-distrik se grondpaaie met my bergfiets te verken. Ek en die seuns speel ook graag tennis en spandeer ure langs die viswaters, terwyl Elizma op haar gelukkigste is met haar drafskoene aan.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het my loopbaan destyds by Klein Karoo Koöperasie begin waar ek vir 11 jaar my tande in landbou kleinhandel geslyp het. Ek was verantwoordelik vir die De Rust en Calitzdorp handelstakke se dag-tot-dag bestuur asook sentralisering van aankope.

Gedurende 2012 het ek aangesluit by die OVK groep waar ek op die bestuurskomitee gedien het, met verantwoordelikheid vir die handelstakke van die Suidstreek, brandstof verspreiding en die Meganisasie afdeling (Claas en Massey Ferguson) op Cradock.

Om nou terug te kan wees in die Suid-Kaap by 'n dinamiese landboubesigheid soos SSK voel vir my of die sirkel voltooid is. My pa was destyds werksaam by RAK wat vandag deel vorm van SSK. Ek het oor tyd goeie bande gevestig met lede in die SSK-bedieningsgebied sowel as met verskaffers en ek verstaan die praktyke en siklusse wat uniek is tot landbou.



Armandt snr en jnr, Elizma en Jaco Horne

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

My passie vir mense het my in staat gestel om oor tyd gemotiveerde spanne te kon ontwikkel en my resultaatgedrewe benadering het tot sukses in verskeie handelsbesighede gelei. Ek kon, met behulp van gefokusde personeel, daarin slaag om onder-presterende handelsbesighede in die platteland volhoubaar in winsgewinde eenhede te verander. Ek was ook bevoorreg om twee nuwe handelsbesighede die lig te laat sien in 'n kompeterende landbou omgewing.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek wil verseker dat die SSK Meganisasie afdeling die rigting aangee vir lede om voordurend op die voorpunt van tegnologie en holistiese boerdery praktyke te kan wees.

SSK is steeds van die enkele landboubesighede in boerebesit. Die bestuurspan se koppe kyk almal saam vorentoe en leef die slagspreuk van "*Werk saam, Wen saam*" uit. In 'n tyd waar daar al meer gepraat word oor konsolidasie in landbou wil ek graag deel vorm van 'n SSK nalatenskap, wat vir die volgende 90 jaar behoue kan bly vir die rede waarom koöperasies destyds gestig is, naamlik om sy lede te dien.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Ek leer daagliks, maar is daar 3 waaraan ek vinnig kan dink:

Gilly Scheepers (Fouriesburg landbouer) het altyd gewaarsku dat die dag wanneer jy jou bors uitstoot om te spog oor jou suksesse, jy versigtig moet wees dat jou broek nie afval nie.

'n Voormalige kollega (Stefan Oberholzer) se raad was "wees HARD op dissiplines, maar altyd SAG teenoor die mens".

Laastens het my goeie vriend (Malan Jonck) altyd gewaarsku dat jy net kan seker wees dat jy eintlik van niks seker is nie.

### IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Ek is verslaaf aan lees en sukkel om 'n goeie boek neer te sit. Dit gebeur male sonder tal dat ek myself moet dwing om nie deurnag aan 'n goeie boek te lees nie


## TOP 10 WINES

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei Pink Moscato
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. Van Loveren Neil's Pick Colombar
5. Beyerskloof Pinotage
6. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
7. Perdeberg Soft Smooth Red
8. ONE White
9. ONE Red
10. Bon Courage Sauvignon Blanc

# MARY SPIES: THE WIZARD OF COLOUR





Mary Spies of the farm Stormsvlei outside Swellendam is a formidable person and farmer. People know her as the Hydrangea Queen, renowned exporter and ex Swellendam hairdresser second to none. She is a larger-than-life legend.

Mary's history with Stormsvlei goes back to 1955 when her father, Jimmy Blanckenberg bought the farm, which also housed the old hotel. The farm was originally established in the 1700's and was an important stopover on the old wagon route.

Mary's mother Mitzi was of Austrian descend and Mary boasts many of the typical Germanic characteristics: perfectionism, industriousness, diligence, perseverance and assertiveness among others. She tells me that she has always loved Christmas and all it entails and Christmas eve is a grand and dress-up affair at Stormsvlei. Her love for all flowers and especially Hydrangeas (Krismisrose) started when she was a little girl admiring her mother's rose gardens, and today she runs her successful business, Country Flowers, from the farm. She planted Hydrangeas on Stormsvlei in 1990 and immediately saw them flourishing. "They are like my children", she says. Her husband Willem Spies later had to build a shade cloth system for the 2-meter flowers that grew in abundance and today they cut approximately 15 000 flowers annually and export worldwide. "As large as dinner plates", says Mary of the flowers. In the early 1990's she developed a unique method of drying flowers that renders them flexible, washable and virtually crush-proof. She lets me feel its texture, which is incredibly soft and satiny. She can colour the flowers in any shade one can imagine. A bride's wish is her command. (Even black flowers for the Japanese market!)

Mary farms organically with kraal manure that she gets from her twin sons Dieter and Werner's sheep and cattle farms. In 2001, as top exporter, she was among the Western Cape finalists in the National Department of Agriculture & Land Affairs annual competition and in 2005 she won the Elsenburg Western Cape Woman Farmer of the Year competition.

The Japanese say if the flower is to be beautiful, it must be cultivated. Mary's hydrangeas are cultivated with love and passion and bring joy to the world.

*- Annelie van Wyk*



# JACOBIE SPIES BOER MET BRUILOFGOED



**Jacobie Spies tussen haar skoonma, Mary, se krismisrose.**

Jacobie en haar man Werner Spies het twee kinders, Elri en Willlem, en boer op die plaas Kleinfontein in die Stormsvlei-area met skape. In 2013 het sy besef dat sy haar eie besigheid kan begin met haar skoonma Mary Spies se afval krismisroos blomblaartjies. Só is haar besigheid *Preserved Hydrangea & Confetti* gebore en die bedryf gaan sedertdien van krag tot krag.

Jacobie se konfetti lyk volgens haar, soos "skoenlappertjies" as dit oor die bruidspaar gestrooi word. Sy wys vir my 'n foto en dit ìs inderdaad so. Die konfetti is ten volle bio-afbreekbaar en wasbaar en sal oor 20 jaar nog net so mooi soos vandag vertoon, want die kleur verdof nooit. Boonop word dit aanvaar by die meeste troulokale.

Jacobie se skoonma Mary, is 'n meester met die kleur van die blomme. Omdat die blom so besonders groot is, word hulle kleiner gemaak om die regte grootte te kry en vandaar die afval wat reeds gekleur is. Die standaard kleure se basis is groen en beige, maar kan gemeng word volgens die bruid se keuse. Jacobie vertel dat bruide baie spesifiek is oor die kleur van hulle konfetti en die Spiese sien elke nuwe kleurkombinasie as 'n uitdaging wat hulle nog elke keer kon baasraak. Die blommetjies word ook as potpourri vir binnenshuisversiering gebruik.

Dit is 'n arbeidsintensiewe besigheid en Jacobie moet 'n klomp balle is die lug hou. Sy is boervrou, ma en besigheidsvrou en kry dit reg om alles goed te doen. Dít skryf sy toe aan beplanning, beplanning, beplanning….

Die krismisrose blom van Januarie tot Mei en preservering begin Maart. Met my besoek in April vertel sy dat sy reeds tot einde November vol is met besprekings vir die gepreserveerde blomme, maar dat hulle altyd help waar hulle kan.

Jacobie Spies boer met konfetti, of nee, eintlik boer sy met skoenlappertjies en drome.

*- Annelie van Wyk*



**www.preservedhydrangeaconfetti.co.za**

# SSK MEGANISASIE: GERAT VIR DIE TOEKOMS

In 'n baie vinnig en drasties veranderende landbou omgewing, is SSK se Meganisasie afdeling die afgelope paar jaar kwaai geknou en moes SSK baie moeilike besluite neem en deurvoer. Dit was noodsaaklik ten einde aan te pas en die afdeling vir oorlewing in hierdie veranderende en hoogs tegnologiese ontwikkelende omgewing te herposisioneer.

As 'n laaste fase van hierdie proses het SSK Meganisasie die afgelope paar maande 'n paar kern personeel aanstellings gemaak.

Armandt Horne is vanaf Februarie in die hoedanigheid as Senior Bestuurder: Meganisasie aangestel. Armandt het sy tande geslyp in landbou kleinhandel by Klein Karoo Koöperasie en later by OVK voordat hy by SSK aangesluit het. As toevoegings tot die bemarking span is Jorrie Jordaan as Meganisasie Heelgoedere Bemarker in die Heidelberg- en Riversdalstreek en Hendrik le Roux as Heelgoedere Bemarker in Swellendam aangestel. Hendrik sal veral fokus op die Buffeljagsrivier, Barrydale, Montagu en Bonnievale streke.

In ons strewe na verhoogde kundigheid en tegnologiese ontwikkeling word Tommie Prins voortaan aangewend in 'n nuwe hoedanigheid as Presisie Boerdery- en Tegniese Spesialis vir die Heidelberg en George Meganisasie takke. Quentin Hutchens is in dieselfde hoedanigheid vir die Swellendam Meganisasie tak aangestel en sal die Swellendam en omliggende streke bedien. Beide hierdie persone gaan na verwagting 'n groot rol speel om algehele kundigheid en diensvlakke in die Meganisasie afdeling te verhoog. Die twee gaan ook 'n groot fokus op presisie boerdery hê ten einde kliente se behoeftes in dié verband te identifiseer, geskikte oplossings aan te beveel en presisie boerdery toerusting en gefokuste na-verkoopdiens te ondersteun.

Marius Terblanche is aangestel as Werkswinkel Bestuurder Heidelberg en Chris Boshoff as Onderdele Bestuurder: Swellendam in die plek van wyle Dries Theron.

Ons is vol vertroue dat hierdie aanstellings baie waarde sal toevoeg en saam met die bestaande personeel in die afdeling 'n groot rol gaan speel in die posisionering van 'n Meganisasie afdeling wat ons lede kan ondersteun in die groot tegnologiese spronge en uitdagings wat landbou ervaar.

*- Henk de Beer*
*Hoofbestuurder: Bedrywe*



**Jorrie Jordaan**
*Heelgoedere Bemarker*
082 388 0032
jorrie.jordaan@ssk.co.za



**Hendrik le Roux**
*Heelgoedere Bemarker*
082 388 0020
hendrik.leroux@ssk.co.za



**Tommie Prins**
*PLM en Tegniese Spesialis*
Heidelberg & George
028 514 8743
tommie.prins@ssk.co.za



**Quentin Hutchens**
*PLM en Tegniese Spesialis*
Swellendam
071 028 0308
quentin.hutchens@ssk.co.za



**Chris Boshoff**
*Onderdele Bestuurder*
Swellendam
079 068 6535
chris.boshoff@ssk.co.za



**Marius Terblanche**
*Werkswinkel Bestuurder*
Heidelberg
028 514 8746
marius.terblanche@ssk.co.za

# LANGDIENS ERKENNING

**35 JAAR:** Sarel Coetzee, Jan Slingers

**30 JAAR:** Wilna Botha, Gavin Pieterse

**25 JAAR:** Rudolph Nel, Martin Esau

**15 JAAR:** Karen Nel, Naomi Engelbrecht, Joseph Jantjies, Alwyn Burger, Andrea van Tonder, Henry Isaacs, Dirk Solomons, Willie de Kock

**10 JAAR:** Dephne Du Plessis, Loyiso Xovudaka, Glenda Olivier, Sharon van Vught, Johannes Hartnick, Nelius van Zyl Tommy Skietekat, Johan Pieterse



Sarel Coetzee: 35 jaar diens.



Jan Slingers, 35 jaar diens, word gelukgewens deur Johan Kluyts.



Gavin Pieterse word geluk gewens deur Andre van Wyk met 30 jaar diens.



Wilna Botha: 30 jaar diens.



Rudolph Nel: 25 jaar diens, saam met Henk de Beer (links) en André Burger (regs).



Martin Esau: 25 jaar diens.

90 JAAR SSK

# EUREKA MEULENS GROEI STEEDS




Oor die afgelope 12 maande het die wêreld waarin Eureka Meulens homself bevind, drasties verander en talle besighede moes een uitdaging na die ander trotseer. Die Eureka Meulens span kan met trots sê dat die besigheid na hierdie ontstuimige tyd, wat steeds 'n effense tuimeltrein is, sterker staan as ooit tevore.

Nico Steyn, Algemene Bestuurder: Eureka Meulens, is aan die woord: "In November 2020 is ons verpakkingsaanleg opgradeer met moderne toerusting wat volgens ons eie spesifikasies gebou is. Die vernuwing in die meule stel ons in staat om produksie kapasiteit op te stoot, maar ook om die proses van vermenging vir die Easy Home Mix reeks te vergemaklik en voedselveiligheid te verbeter. Tegnologiese verbeteringe wat die aanleg "slimmer" maak, lei ons tot beter insigte en stel die produksiespan in staat om ondoeltreffendheid uit te skakel. Ons is opgewonde om oor die lang termyn die vrugte van hierdie opgraderings te kan pluk en ook weer te kan terug ploeg in die steeds groeiende besigheid.

Tans is ons besig met voorbereidings vir FSSC 22000 akkreditasie wat Eureka Meulens in staat sal stel om vir Woolworths produkte onder hul eie vaandel te mag vermeng en verpak. Die akkreditasie is ook die eerste stap in die proses om internasionale deure oop te maak vir uitvoere. Beter verspreiding van produkte op nasionale vlak en produk beskikbaarheid vir die eindverbruiker bly vir die besigheid van kern belang en ons bly gedrewe om hierdie doelwitte na te streef.


*Nico Steyn*

Eureka se strewe was nog altyd om 'n brood- en meelkultuur in Suid-Afrika te skep en hierdie bly ons dryfveer. Ons bly diep gegrond in die ethos van die belangrikheid van landbou en die ontskatbare waarde wat boere, veral in die Suid-Kaap, tot ons almal se lewens toevoeg."

## WYSHEID VAN DAE

"As ek Meneer, en jy Meneer is, wie sal dan die wa moet smeer?" ( Ou idioom )


90 JAAR SSK

# 2021 FOTO KOMPETISIE

**Onthou om jou foto in te stuur! Ons sien uit om ons mooi SSK-streek met almal te deel.**


**Johan Stander van Avontuur**


**Mike Briedenhann van Herold**


**Riëtte van Rhyn van Karringmelksrivier**

**AFDELINGS**

GRAAN OES 2021 | SAGTE VRUGTE OES 2021 | KAROO 2021 | MELKERY 2021
PLAASKINDERS 2021 | ALGEMEEN 2021

Stuur inskrywings na Annelie van Wyk:
annelie.vanwyk@ssk.co.za / 082 460 6579
Saam met die volgende inligting:
• Naam en SSK lidnommer • Datum van foto geneem • Plek in SSK streek geneem

Reëls:
• Foto's mag slegs deur SSK lede geneem en ingeskryf word • Foto's mag slegs binne die SSK streek geneem wees
• Hoë resolusie foto's van minimum 4MB • Slegs landskap formaat foto's
• Deur in te skryf gee die lid SSK die reg om van die foto gebruik te maak op SSK platforms. Krediet sal gegee word.

Sperdatum: 30 November 2021

90 JAAR SSK

# SSK EN JONGBOER-KUIERAAND BY SKILPADGAT

Jong boere van Albertinia en Riversdal distrik het onlangs saam gekuier by Skildpadgat, die plaas van Boet en Annemarie van Zyl. 'n Lekker laaste kuier voor planttyd! Ons maak gou weer so in ons ander streke.



**Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin) aan die woord.**



**V.l.n.r: Gideon Bosman, Awie Erasmus en Brian Hume.**



**V.l.n.r: Armandt Horne (Senior Bestuurder: Meganisasie), Thinus le Grange en Piet Lotz.**



**V.l.n.r: Frans Hendrik van Wyk, Koos van Zyl (Senior Bestuurder: Krediet) en Andrew Jonker.**



**V.l.n.r: Henk Schuurman (Landboukundige), Constant Jansen van Rensburg, Francois Prins en Nico de Wet (Kredietbestuurder en Landbou Ekonoom).**



**V.l.n.r: Pieter de Jager, Marco Olivier, Gavin Hume, Garth Hume, Albertus Swart en Albert Vermaak.**




## WEN MET SSK PROMOSIES!

Die wenner van die MOOV promosie by die AgriLand Heidelberg vulstasie, Maria Rosseau neem haar prys in ontvangs. Sy wou dadelik weet wanneer die volgende promosie weer begin.

**V.l.n.r: Cornelius Pieterse (Joggie) , Garth Esau (Bestuurder: Caltex Heidelberg) , Maria Rosseau (Wenner), Reginald Bezuidenhoud (Joggie)**

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing : Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

90 JAAR SSK

www.ssk.co.za